Oorsig van ons produkte

PracMaths

Voorskoolse Werkboek
"Leer is Pret" met PracMaths

Die oefeninge in hierdie boek is saamgestel vir enige voorskoolse kind om:

- hand-oog koördinasie te ontwikkel
- bewusmaking van lyne en vorms te ontwikkel
- die betekenis van getalle 0 tot 10 te leer
- die letters van die alfabet te skryf
- die name van die letters van die alfabet te leer
- die klank wat elke letter en sekere pare letters voorstel, te oefen
- basiese drieletter en vierletter woorde te skryf en te lees.

Gr 1 – 7 PracMaths

Ons Laerskool PracMaths boeke dek die volledige CAPS kurrikulum soos voorgeskryf vir die onderskeie grade.
Elke boek is onderverdeel in 4 Kwartale en behandel die onderwerpe in die voorgeskrewe CAPS volgorde.
Elke onderwerp word konsep vir konsep gedek met uitstekende oefeninge om die leerder se insig, kennis en vaardigheid in Wiskunde te ontwikkel.

- Gr 1 – 6 PracMaths bestaan uit werkboeke waar die leerders die antwoorde in hul boeke kan **invul**.
- Gr 7 PracMaths daarenteen, is 'n handboek.

Ons PracMaths boeke is ontwerp om as die leerder se "**primêre**" werkboek / handboek te dien, vir beide die klaskamer of tuis.

Elke boek is voorsien van 'n **antwoordstel.** Nie al die antwoorde is ten volle uiteengesit nie, daar is egter 'n **kort antwoord** voorsien vir **elke** vraag in die boek.

Gr 1 – 7 Aanvullende Wiskunde

Soos die titel voorstel, is ons Aanvullende Wiskundeboeke **addisionele** materiaal wat in samewerking met ‘n leerder se “primêre” Wiskunde handboek, soos PracMaths gebruik word.

Elke Aanvullende Wiskundeboek bevat ‘n groot **aantal** asook ‘n **verskeidenheid** van oefeninge wat almal CAPS georeïnteerd is. Die boeke dien as “werkboeke” wat beteken dat die leerders hul antwoorde in die boeke kan invul.

Die boeke bestaan uit 3 afdelings, naamlik:

- Hoofrekene
- Huiswerk of Hersieningsoefening
- Meervoudige keusevrae

Hierdie boeke is van groot waarde vir **ekstra oefening** en **hersiening**, veral vir leerders wat “**sukkel**” sowel as vir leerders wat **onderskeidings** wil behaal.

Elke boek is voorsien van ‘n **antwoordstel.** Nie al die antwoorde is ten volle uiteengesit nie, daar word egter ‘n **kort antwoord** voorsien vir **elke** vraag in die boek.

Gr 2 – 7 “Back to Basics”

Soos die titel voorstel, fokus ons **“Back to Basics”** boeke op die basiese bewerkings, naamlik; **optelling**, **aftrekking**, **vermenigvuldiging** en **deling** vaardighede.

Die boeke dek diè onderwerpe in ‘n stapsgewyse manier met *veelvuldige* “spoedoefeninge” en “langer somme” vir leerders om te oefen en bemeester.

Die “metodes” wat in die boeke gebruik word, word aanbeveel deur die outeurs, soos per CAPS riglyne. Daarenteen, as die leerders verskillende metode(s) geleer is, stel ons voor dat hulle volstaan met die metode(s) waarmee hulle gemaklik of vertroud is.

Hierdie boeke is van groot waarde as **ekstra oefening** vir leerders wat “**sukkel**” en veral vir die leerders wat **nie hul tafels ken nie**!

Geen antwoordstelle is beskikbaar vir die “Back to Basics” reeks nie.

Gr 8 – 12 PracMaths

Ons Hoërskool PracMaths boeke dek die volledige CAPS kurrikulum soos voorgeskryf vir elke graad. Elke boek is onderverdeel in 4 Kwartale en behandel die onderwerpe in die voorgeskrewe CAPS volgorde.
Elke onderwerp word konsep vir konsep gedek met uitstekende oefeninge om die leerder se insig, kennis en vaardigheid in Wiskunde te ontwikkel.

- Gr 8 – 12 PracMaths is handboeke m.a.w. leerders **vul nie** die antwoorde in die boeke in nie.

Ons PracMaths boeke is ontwerp om as die leerder se “**primêre**” werkboek / handboek te dien, vir beide die klaskamer of tuis.

Elke boek is voorsien van ‘n **antwoordstel.** Nie al die antwoorde is ten volle uiteengesit nie, daar is egter ‘n **kort antwoord** voorsien vir **elke** vraag in die boek.

System Maths

Gr 7 – 11 Assesseringsboeke

Ons Assesseringsboeke sluit *veelvuldige* Wiskundetoetse met **volledige antwoorde** in. Die boeke dek al die onderwerpe soos voorgeskryf deur CAPS vir die onderskeie grade.

Aangaande die antwoordstel, is al die antwoorde nie gedetailleerd nie, maar ‘n **bondige antwoord** is voorsien vir ***elke*** vraag in die boek.

Die toetse dek die **basiese kennis** en **roetine berekenings** sowel as **meer uitdagende** vrae om **beredenering** en **toepassings** vaardighede in te skerp**.**

Dit word aanbeveel dat leerders die toetse voltooi en **self merk** met behulp van die ***antwoordstel***. Op sodanige wyse kan die leerders leer vanuit hul foute en terselfdertyd hul kennis en berekenings vaardighede verbeter.



Gr 11 & 12 Hersieningsboek

Van Algebra tot Waarskynlikheid, bied hierdie boek **uitstekende** hersieningsoefeninge vir Gr 11 en 12 leerders om te oefen en sodoende **al** die onderwerpe te bemeester wat gedurende die twee jaar gedek is.

Elke boek is voorsien van ‘n **antwoordstel.** Nie al die antwoorde is ten volle uiteengesit nie, dit is egter voorsien van ‘n **bondige antwoord** vir **elke** vraag in die boek.

The Science Tutor



Gr 10 – 12 Fisiese Wetenskap

Ons Fisiese Wetenskap boeke dek die volledige CAPS kurrikulum, soos vereis deur die onderskeie grade.

Elke boek is verdeel in die onderskeie onderwerpe en volgorde soos vereis deur CAPS. Elke onderwerp word konsep vir konsep, met uitstekende oefeninge, behandel om die leerder se insig, vaardigheid en kennis in Fisiese Wetenskap te ontwikkel.

Selektiewe **oplossings** en **bondige antwoorde** word voorsien.